

Woensdag 1 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 11:19-30; Heidelbergse Kategismus Sondag 12, v/a 32

Fokusgedeelte: Handeling 11:21, 26b

Om die Naam van Christus te dra

In die stad Antiogië is die gelowiges vir die eerste keer Christene genoem. Hierdie naam is nie net 'n verwysing na Wie ons Here is nie, maar dit beklemtoon ook die noue verhouding tussen ons Koning, die Here Jesus Christus en elke gelowige.

As ons die naam van Christen dra, beteken dit dat ons na HOM vernoem is! Omdat ons sy Naam dra, moet ons ook streef om nes Hy te leef in hierdie wêreld, sodat ons die Naam wat ons dra en verteenwoordig, waardig is en self uitdra. Ons moet anders leef as die wêreld, want ons is anders. Daarom moet ons Hom ook volg in alles wat ons doen, sê en dink.

Hierdie unieke leefstyl van die Christene in Antiogië was baie treffend vir Barnabas en het hom met groot blydschap gevul. Dit was 'n genade van God dat hierdie Christene kon aanhou dien en werk ten spyte van die vervolging wat hulle moes verduur vir hulle geloof. Om die waarheid te sê, die kerk van die Here het in hierdie tyd gegroei omdat die Here se hand oor hulle was.

Hieruit sien ons die belangrike punt dat dit die Here is wat aan ons die genade gee om Christen genoem te word wanneer Hy ons uit genade tot geloof roep. Dit is ook sy genade wat elke Christen lei en versterk om elke dag sy Naam in hierdie wêreld te dra tot sy eer.

Sing: Skrifberyming 14-1:1-3

Ds. P Hattingh (Philip) (Bloemhof/Christiana)